# BWAV NUUS

*HIERDIE IS DIE NUUSBRIEF VAN DIE BOSVELD WAPEN EN AMMUNISIEVERENIGING*

*UITGAWE 3/2015*


# COUNTRY DANS & OSBRAAI

**DATUM:** **30 Oktober 2015**

**TYD:** **Vanaf 18h00**

**PLEK:** **Stoeisaal, Gholfklub, Naboomspruit**

## COUNTRY DANS

**TOEGANG:** **R40-00 p.p. (kinders O/10 gratis)**




**TEMA:** **Country & Western**

**PRYSE:** **Slagskaap en baie ander pryse te wen**

**Almal is welkom om hulle eie mandjie te pak met braaivleis, drinkgoed, lekkernye ens. Vuurkole en kontant kroeg word voorsien. Stalletjies, speelgoed, messe en vele meer beskikbaar om te koop. Tydens die dans kom u in aanmerking vir 'n slagskaap, wildsvleis, gelukkige trekkings en ander prettige pryse. Groot verrassing vir die bes geklede cowboy & country pop**

## OSBRAAI



**TOEGANG:** **R60-00 p.p.**

**ETE SLUIT IN: Osbraai, pap en sous of aartappelslaai**

**Kom waardeer en geniet die vreugde van oudwees saam met Naboom Tuiste vir Bejaardes.**



**KAARTJIES BESKIKBAAR BY:**

**BWAV kantoor te D.I.Y. Gebou, Naboomspruit. Skakel 014 743 2174**
**Naboom Tuiste vir Bejaardes, Naboomspruit. Skakel 014 743 0685**
**Theron Wessels Prokureurs, Naboomspruit. Skakel 014 743 1171**
**Voorsitter Chris Schutte, Pretoria. Skakel 082 557 5782**



## NUWE LEDE

***Ons verwelkom ons nuwe lede.***
***Baie welkom in ons geledere!***

Stefaan Battheu – B175
Paul Brits – B284
Pieter Diedericks – B128
André Diedericks – B130
Toit Du Toit – B211
Johannelize Du Toit – B212
Susie Ebersöhn – B274
Frik Geyser – B364
Claus Schuster – B328
Markus Schuster – B360
Louis Steyn – B174
Jan Van Der Walt – B320
Jan Louis Venter – B143
Carinda Venter – B144
Anton Venter – B374
Nicole Venter – B375
Lorandu Wepener – B265

## VERSAMELAARS AKTIWITEITE

Versamelaars aktiwiteits verslae, moet asb op datum gehou word. Verslae moet einde van die jaar ingehandig word by die kantoor.

## TOEGEWYDE JAGTERS


Om Toegewyde Jagter Status te behou, moet die lid 'n opbetaalde lid van die BWAV bly , aan Drie aktiwiteite elke jaar deelneem en bewyse van jag geleenthede vir die jaar inhandig of bewyse van skiet byeenkomste by ander verenigings. Daar moet 'n Toegewyde Jagter Jaarverslag vorm voltooi word en terug besorg word aan die kantoor voor 30 November 2015. Toegewyde Jagters word herinner daaraan om wanneer hulle jag, die volgende dokumente te bewaar as bewys van jag. Dit word ingedien saam met u verslag aan die einde van die jaar:

* Toestemming van die plaaseienaar:
* Lisensie / Jagpermit
* Vervoerpermit waar nodig

Stuur ook u jag foto aan. Ons bewonder dit graag met 'n bietjie jaloesie.

**Ons herinner al die Toegewyde Jagters om hul jaarverslae in te handig. Daar is slegs Drie geleenthede oor om te kom skiet!**

***SLEGS R 200-00 VIR AL HIERDIE INLIGTING IN 'N BOEK ! ! !***




Etiese jag; Veiligheid!; Enkele regs- en wets aspekte; Enkele wenke t.o.v. vuurwapen lisensie aansoeke en hernuwings aansoeke; Noodhulp wenke; Provinsiale wetgewing; Spesiale beskermende wilde diere; toestemming om te jag en vleis te vervoer; Skiet tegnieke; Skootplasing; Identifisering van wild; Habitat en kosvoorkeure van verskillende wildspesies; Trofee hantering; Profesionele jagters; Skiet aktiwiteite; Jagplase; Resepte.

***Kry dit nou by die BWAV kantoor!***




## JAARPROGRAM VIR DIE RES VAN 2015:

| | |
|---|---|
| 12 September 2015 | **Prestige skiet**, Kompetisie skiet met jaggewere. |
| 10 Oktober 2015 | **Sportskiet**: handwapens, haelgewere, .22 kompetisie, jaggewere tot 100 m<br>**Versamelaars aktiwiteit:**<br>Versamelaars aktiwiteit. |
| 20 November 2015 | **Prestige aand** |
| 21 November 2015 | **Span skiet** (4 skuts per span – skryf eie span in) Skiet 9 rondtes per skut. |

**BELANGRIK:**

Alle skiet aktiwiteite vind plaas te **MASADA SKIETBAAN** vanaf 08h00 tot 14h00. Tydens kompetisies mag net met jaggewere, en nie met skyfskietgewere, geskiet word nie. **VERSAMELAARS AKTIWITEITE is van 10h00 tot 11h00 by die lapa. Bring versamelstuk/ke wat vir die dag geskeduleer is en kom wys en vertel. Versamelaars kan op Sportskiet dae, met versamelstukke kom skiet.**

HOU DIE VOLGENDE *BWAV NUUS* DOP VIR DIE 2016 JAARPROGRAM ! ! !

### *Lief en Leed*

Ons het met skok verneem dat Doc Lappies Labuschagne (B057) van Louis Trichardt, 'n rooftog beleef het. Op drie vorige geleenthede was daar ook ingebreek by sy skoonseun se huis. Tydens die laaste gebeure het Doc Lappies en sy skoonseun op die rowers afgekom en een van hulle is dood geskiet. Hierdie was 'n groot traumatiese ervaring vir die Labuschagne gesinne en ons vertrou dat hulle al die skok verwerk het en wens hulle alle sterkte toe.

Die BWAV president, mnr Theron Wessels, het 'n liesbreuk operasie ondergaan op 2 September 2015. Hy sterk tans aan by die huis. Ons wens hom 'n spoedige herstel toe.

## BAAN OFFISIER VOORSITTER

**Tydens 'n baanoffisier vergadering gehou by Masada op Saterdag 16 Mei 2015, is mnr Japie Spanio, 'n bekende in ons gemeenskap, verkies as voorsitter van die baanoffisiere. Ons wens hom baie geluk, sterkte en voorspoed toe met hierdie belangrike taak. Baanoffisiere werk baie hard tydens ons skiet aktiwiteite en sonder hulle onbaatsugtige diens aan ons lede sal dit nie kan plaasvind nie.**

## PROJEK: ADVERTENSIE BORDE

Die advertensie bord projek vorder baie mooi en wil ons voorlopig dankie sê aan lede wat reeds positief gereageer het. Ons sal ook bly wees indien u nie-lede en/of besighede sal werf om ons te ondersteun . Die koste vir 'n lid beloop R800-00 per jaar en vir 'n nie-lid R1,200-00 per jaar vir 'n tydperk van Drie jaar. Skakel die BWAV kantoor vir al die inligting, besonderhede, voorskrifte en voorwaardes wat die hele projek behels.


**ADVERTENSIE SPASIE**

**Adverteer u jag geleentheid, wil u items verkoop of ruil, is u op soek na daardie spesiale artikel? Maak gebruik van hierdie geleentheid om dit te adverteer. Die koste vir so 'n advertensie per blok van 10 x 8cm is R50.00 per plasing per uitgawe. Kontak gerus ons kantoor vir meer inligting. Instansies en nie lede van buite ons vereniging is ook welkom om van die aanbod gebruik te maak! Onthou hierdie advertensie verskyn ook op ons webblad www.bwav.co.za d.m.v. hierdie nuusbrief.**


## ! ! ERNSTIGE WAARSKUWING ! !

U WORD VERMAAN OM DRINGEND TE REAGEER! KAARTJIES VIR DIE COUNTRY DANS IS BESIG OM VINNIG TE VERKOOP. KOOP U KAARTJIES VOOR DIT UITVERKOOP!

Kom deel in die plesierigheid van ons **COUNTRY DANS.** Dit is 'n groot hoogtepunt op ons jaarlikse sosiale kalender. Nooi u familie, vriende, kennisse en sommer almal saam. Daar is geen beslommernis om enige kos of drinkgoed saam te sleep nie, daar word 'n **OSBRAAI** gehou en 'n kontantkroeg is beskikbaar.

Vir die van u wat veiliger wil wees, en nie huiswaarts wil keer na die dans nie, is daar baie oorslaap fasiliteite beskikbaar. Vir meer inligting kontak Daleen by die BWAV kantoor by 0147432174.

---


## *.22 KOMPETISIE*

Op Saterdag 22 Augustus 2015 tydens ons sportskietdag, het rondte nommer een van hierdie nuwe kompetisie plaas gevind. Verskeie skuts het deelgeneem en dit was groot pret toe van hulle mekaar begin uitdaag het. Die volgende en laaste rondte vir 2015 vind plaas op Saterdag 10 Oktober 2015 gedurende die sportskiet. Die wenner sal die wisseltrofee op die Prestige aand wat plaasvind op 20 November 2015 in ontvangs neem.



# ***WAPENS DEUR ONS MENSE.***

## Striker, Streetsweeper and Protecta shotguns (South Africa)



*The original Striker shotgun with 12 inches barrel. Note the winding key at the front of the cylinder / magazine, and the top-folding butt (folded).*



*The US made Streetsweeper version of the Striker shotgun, with 18"elongated barrel to comply with US firearms laws.*



*The Protecta shotgun, with the butt unfolded. Note the ejector rod located along the barrel, and the lack of the cylinder winding key, which is not required in this design.*

| | **Striker** | **Protecta** |
|---|---|---|
| **Caliber** | 12 Gauge (2 3/4 in - 70 mm chamber) | |
| **Length (butt folded / open), with 12" barrel** | 508 / 792 mm | 500 / 800 mm |
| **Barrel length** | 12 in (304 mm) or 18 in (457 mm), other lengths also were made | |
| **Weight, empty** | 4.2 kg | |
| **Magazine capacity** | 12 rounds in non-detachable rotary cylinder | |

The Striker shotgun was originally designed in the early 1980s by the someone Hilton Walker from Rhodesia. After the fall of Rhodesia he moved to the South African Republic, where he continued the development of his counter-insurgency,high capacity combat shotgun.

First production models of his shotgun, named"Striker", were made during the mid-1980s, and found its way from the South Africa and into the USA, and other countries.

The key advantages of the Striker shotgun were its large magazine capacity, which is doubled the traditional shotguns magazine capacity of that time, and rapid-fire capability. On the other hand, the rotary cylinder-type magazine was bulky, very slow toreload, and the basic action was not without certain flaws.

During the late1980s Mr. Walker redesigned his shotgun, getting rid of its watch clock-like cylinder rotation mechanism, and replaced it with manually operated cylinder rotating mechanism, linked to the side-swinging vertical front grip.

The rest ofthe features of the Striker, including the DAO trigger, cylinder design and top-folding butt, were retained, and the spent cases auto-ejection feature wasadded to speed up reloading.

The shotguns of updated design, called "Protecta", are still manufactured in South Africa by the Reutech DefenseIndustries, and offered in various barrel lengths, ranging from 171 mm (Protecta Bulldog) to the 760 mm, and with various finishes.

I must admit that the most bizarre firearm I've ever seen was the gold-plated Protecta (with huge, gold-plated muzzle brake), which was sold in one of the central Russian gun shops in Moscow for local equivalent of the several thousands of US dollars.



# Skiet nét as jou lewe in gevaar is, sê kenner



**Dis in daardie breukdeel van 'n sekonde dat 'n mens 'n verreikende besluit moet maak: moet jy skiet of nie?**

Foto ter illustrasie.

Die skoot wat jy aftrek kan lewens red óf jou in groot moeilikheid laat beland.

Die afgelope paar maande se drastiese styging in aanvalle op plase en dorpe het in sommige gevalle inwoners genoop om hulself te verdedig. Van die aanvallers is ernstig gewond of selfs dood.

Dit is onrusbarend dat daar ál meer stemme in vergaderings, byeenkomste en op sosiale media opklink dat mense nie moet bang wees om te skiet nie, of moet skiet sodra hulle 'n vreemdeling op hul werf gewaar.

Ao. James Findlay van die Modimolle-polisie maan dat selfverdediging nie so eenvoudig is nie.

"Jou lewe, of die lewe van iemand by jou, móét in gevaar wees. As die aanvaller nie 'n wapen het nie, mag jy nie skiet nie. As die aanvaller vlug, mag jy nie skiet nie." Hy waarsku inwoners om altyd in gedagte te hou dat hulle hul handelinge in die hof sal moet kan verdedig.

Adv. John Welch, woordvoerder van die Suid-Afrikaanse Geweereienaars-assosiasie (SAGA), sê dat die besluit om te skiet 'n moeilike een is, omdat daar altyd nagevolge sal wees. "Dit is belangrik dat mense weet wanneer hulle mag skiet en wanneer nie. Daar is baie wanopvattings. As 'n mens in 'n gevaarsituasie is, is daar nie tyd om te twyfel nie, want dit kan jou jou lewe kos," sê hy.

Hy sê dat die grondwet die reg op lewe hoog op prys stel. Die grondwet sê egter dat 'n mens daarop geregtig is om jouself te verdedig, selfs al word die aanvaller beseer of gedood. Dit geld egter slégs as 'n mens in lewensgevaar is.

"Met selfverdediging is die belangrikste vereiste dat daar 'n onwettige en gewelddadige aanslag op 'n mens se lewe moet wees. Dan mag jy die nodige geweld of noodweer gebruik om die aanval af te weer. Buitensporige geweld om die aanval te stuit, kan 'n mens egter in die moeilikheid laat beland. Die mate van verdediging moet verband hou met die graad van die aanval.

"'n Klap op die wang beteken nie dat jy jou aanvaller mag skiet nie. As die aanvaller egter 'n baie groot geboude bokser of karate-kenner is, kan 'n mens aanneem dat jy nie die hou sal oorleef nie.

As 'n mens aangeval word deur 'n aantal mense wat gewelddadig, maar ongewapen is, of slegs stokke en messe het, sal selfverdediging met 'n vuurwapen geregverdig wees omdat jou lewe in gevaar is," verduidelik hy.

"Die tipiese aanvalle op plase, huise en tydens kapings gaan egter gepaard met uiterste geweld, bykans altyd met onwettige vuurwapens. Daar is meestal 'n aantal aanvallers betrokke. Hulle huiwer gewoonlik nie om hul wapens te gebruik nie. In só 'n geval kan 'n mens terugbaklei om jou lewe te beskerm, al word een van die aanvallers in die proses beseer of sterf. As die aanval ernstig en gewelddadig is, en om te skiet die enigste manier is waarop 'n mens sy lewe kan beskerm, dan sal dit geregverdig wees," sê hy.

Welch waarsku dat mense nie indringers moet konfronteer nie, maar eerder hul gesinne in 'n kamer moet probeer toesluit. Indien die aanvaller dit naby die deur waag, waarsku in 'n harde stem dat jy gaan skiet. Wees bereid om daardie dreigement op te volg indien nodig.

"Die feit dat iemand op 'n mens se werf of in jou huis is, beteken nie dat 'n mens maar kan skiet nie. Die vereiste bly steeds dat jou lewe in gevaar moet wees."

Welch sê dat gevalle van plaasaanvalle wat bestudeer is, wys dat 'n wapen wat in 'n kluis toegesluit was, nie veel waarde het nie. 'n Mens moet onmiddellik kan reageer. Daar is egter groot verantwoordelikheid gepaard daarmee om 'n wapeneienaar te wees.

Die wapen mag nie 'n gevaar vir ander inhou deur rond te lê nie. Deur te skiet kan jy ook ander se lewens in gevaar stel deur opslagkoeëls.

"Om jou lewe te beskerm, begin reeds voor die aanval. Mense moet bedag wees op tekens dat hulle moontlik in 'n lokval kan inloop. Daar moet 'n sielkundige paraatheid wees; 'n bewustheid van wat om jou aangaan. Navorsing het gewys dat mense in baie gevalle heeltemal onvoorbereid was toe aanvalle gebeur het."

Met die onlangse Oscar Pistorius-gebeure nog vars in almal se geheues, lê Welch klem daarop dat die hof sal wil weet of 'n mens die aanvaller probeer identifiseer het en seker gemaak het dat dit wel iemand is wat jou lewe bedreig en nie 'n kind of onskuldige persoon was nie.

"As jy iemand skiet en die hof bevind dat dit wederregtelik was omdat jou lewe nie in gevaar was nie, of uitermatige geweld gebruik is, kan jy skuldig bevind word aan strafbare manslag. Wapeneienaars sal on-bevoeg verklaar word om 'n wapen te besit."

Welch raai wapeneienaars aan om te belê in 'n sterk, swaar flitslig van metaal. "Die meeste aanvalle gebeur snags. 'n Mens moet seker maak wie die aanvaller is voordat jy kan reageer. Die paar oomblikke wat die aanvaller verblind word deur die skerp lig, kan jou lewensbelangrike sekondes besorg waarin jy kan vlug of reageer. Daar is ook heelwat gevalle waar mense die flitslig as wapen gebruik het om hulself mee te verdedig," sê hy.

Moet nooit 'n vuurwapen hanteer as jy gedrink het nie.

## VYF BELANGRIKE REËLS VIR WAPENVEILIGHEID

Welch gee vyf reëls vir wapenveiligheid:

- Beskou 'n vuurwapen altyd as gelaai, totdat seker gemaak is dit is veilig. Vertrou niemand anders hiermee nie.
- Moet nooit aan die sneller raak totdat jy die aanvaller in jou visier het en reg is om te skiet nie. Sodra jy geskiet het, of besluit het om nie te skiet nie, haal jou vinger van die sneller af. Moet nooit veiligheidsmeganismes vertrou nie.
- Moet nooit met 'n vuurwapen na iemand toe mik nie, tensy jy besluit het om te skiet en geregverdig is om dit te doen nie.
- Maak seker van jou teiken en wat in die omgewing is. Kyk uit vir kinders of ander mense wat agter die aanvaller kan wees.
- Wapens en alkohol is nie maats nie.

***Berig aangehaal met erkenning aan***
***Die Pos 15 Mei 2015 en Adv John Welch***

# JAGTERS FORUM

Die druk op jagters word al erger. Kort-kort kom ons te wete van die een of ander groort besigheid of organisasie wat openlik teen jag gekant is. Onlangse gebeure waar jagters se optrede met verskillende jagtogte, baie ongunstige kritiek wêrelwyd veroorsaak het, kan aanleiding gee tot die versterking vir die argument van 'n wapenvrye Suid Afrika. Die anti-wapen organisasies veldtogte, moet geensins onderskat word nie. Jagters behoort vooraf baie deeglik aandag te skenk aan die gevolge van hulle optrede.

Die verteenwoordiger van die verskillende jagters organisasies hou gereeld vergadering waaheen die SAPD ook uitgenooi word. Die SAPD het kort voor die beplande gesamentlike vergadering wat op 7 April 2015 gehou was, ontrek. Na onderhandeling en bemiddeling van die bestuur van die Jagters Forum was die SAPD egter weer terug met die vergadering van 7 Julie en was verteenwoordig deur vier van die SVR provinsiale bevelvoerders. Tydens hierdie vergadering is besluit dat voorsitters van organisasies en verenigings die provinsiale SVR bevelvoerders direk kan kontak wanneer probleme met lank uitstaande lisensie aansoeke opduik. Die volgende dag het een van die lede van die Jagters Forum 'n omsendbrief uitgestuur dat die bevelvoerder van die SVR vir Limpopo en Mpumalanga baie hulpvaardig was met 'n probleem. Die voorsitter, ons verteenwoordiger van die BWAV, by die Jagters Forum, het hierdie bevelvoerder gekontak rakende probleme wat bestaan het waar van ons lede wat met lank uitstaande lisensie aansoeke sukkel. Nadat die probleem vas gestel is, is die nodige addisionele inligting voorsien aan hierdie bevelvoerder en het hy onderneem om die saak dringend reg te stel.

Daar word huidiglik VOORGESTELDE SVR KONSULTASIE EN KOMMUNIKASIE STRATEGIE vergaderings gehou tussen die SAPD en verskeie ander organisasies wat die belange van vuurwapen eienaars op die hart dra. Die Jagters Forum word by hierdie vergaderings verteenwoordig deur mnr Stephen Palos (HUO van CHASA) en Dr Herman Els (UITVOERENDE VOORSITTER: NATIONAL SHOOTING ASSOCIATION).

Indien BWAV lede probleme ondervind met lisensie aansoeke wat lank uitstaande is, laat weet aub die BWAV kantoor. Hierdie inligting is belangrik om terugvoer te voorsien aan die Jagters Forum. Indien moontlik, sal die voorsitter hulp verleen om die probleem op te los. Geen beloftes word egter gemaak dat die probleem wel opgelos kan word nie.

Die volgende is 'n persverklaring einde Julie, uitgereik deur die SAPD:

**Media Statement from National Media Centre**
Corporate Communication
South African Police Service

Pretoria: Following reports and allegations of corruption and maladministration in the Central Firearm Registry (CFR) of the South African Police Service (SAPS), the National Commissioner, General Riah Phiyega, has acted decisively in appointing a dynamic leader at

the level of a Major General with vast operational experience to revamp the CFR.

The new team, led by Major General Maropeng Mamotheti, has a new turnaround strategy in place, which sets new standards in the way firearm licences are issued, thus improving efficiency and preventing any opportunity for corruption. In the recent past, the unit found itself under the spotlight for all the wrong reasons. It was out of this and the genuine desire on the part of the SAPS to provide an efficient and a user friendly service to the public that the strategy was mooted and finally implemented.

After many engagements between the SAPS and the affected stakeholders, the unit has a new action plan which, within a period of three months, has shown improvements in the processing of firearm licenses. The unit handles about 12 000 application per month and is striving to process and finalise applications for firearm licenses within a period of 90 working days. It must however be stated that even as we strive to achieve this 90 working days target, we are still investigating whether it is realistically achievable or not, but we are striving to meet it.

Information on how to apply for firearm licenses will now be easily obtainable from the SAPS's website. A checklist of required documents will be listed in order to save time for the applicants and the officers involved. The SAPS will embark on an education campaign for its members about the firearm licenses and the related processes. Furthermore the public and the potential applicants will be educated about the application process, the renewal of licences and the responsibility associated with owning a firearm.

To prevent any opportunity for corruption, SAPS is screening and vetting personnel performing functions in the unit. Furthermore these personnel will be rotated. There is now clear segregation of functions, limited access on certain user functions and the encryption and password control measures. During its many visits to the provinces the team has noted the challenges experienced and has taken steps to address them. These steps include the training of extra designated firearm officers and the support staff and to attend to the shortage of physical resources. These systems and processes will certainly close the corruption tap from leaking.

"The proliferation of illegal firearms, past acts of malfeasance at the Central Firearm Registry and the need to encourage responsible ownership of firearms in our country are some of the reasons we worked so hard to clean the mess in that unit and assemble a team of police officers whose integrity is unquestionable," said General Phiyega.

***Indien enige lid meer inligting oor die Jagters Forum verlang, of oor enige relevante inligting beskik kontak aub die kantoor. Ons hoor graag van u.***

# Die ander kant

# Frans Cronjé: Vuurwapens 'n saak van jou burgerregte

Sondag 16 Augustus 2015 16:00



Pres. Jacob Zuma het onlangs, onder politieke druk en om aandag aan die polisiemoorde te gee, voorgestel dat Suid-Afrika "ontwapen" word.

Wat hy bedoel, is dat beslag gelê word op vuurwapens wat regtens deur gewone mense besit word, terwyl hy en sy politieke trawante in gepantserde luukse voertuie rondry, omring deur gewapende lyfwagte.

Die wêreldwye teenvuurwapendrukgroep is welbekend vir sy analitiese oneerlikheid, manipulasie van die vrees vir geweld en siniese uitbuiting van menslike tragedie om ideologiese en politieke doelwitte te verseker. Dit beteken dat sportskuts, jagters en gewapende burgerlikes hul stem dik moet maak en feit-gegronde argumente moet gebruik as verweer.

Dit is nie nodig om private vuurwapenbesit in Suid-Afrika verder te beperk nie aangesien huidige vuurwapenwetgewing (wat kort ná die eeuwending in werking gestel is) van die strengste ter wêreld is.

Daar word van vuurwapeneienaars verwag om veeleisende agtergrondkontroles te deurstaan. Hulle moet voorgeskrewe teoretiese en praktiese opleiding voltooi en eksamens skryf. Daar word beperkings geplaas op die aantal en soort vuurwapens wat hulle mag besit en elke lisensie moet afsonderlik gemotiveer word. Hierbenewens verval vuurwapenlisensies volgens vasgestelde tydperke toegeken, waarna heraansoek gedoen moet word.

Tensy private vuurwapeneienaarskap heeltemal verbied word, verteenwoordig Suid-Afrika nou die wêreldwye "goudstandaard" ten opsigte van die regulering van private vuurwapenbesit.

Boonop word vuurwapenverwante oortredings heeltemal toereikend deur bestaande wette en regulasies hanteer. Vuurwapeneienaars word streng strawwe vir nalatige hantering en berging van vuurwapens opgelê. Kriminele oortredings wat met vuurwapens gepleeg word, word ernstig gestraf.

Wat die teenvuurwapen-aktiviste nie verstaan nie, is dat Suid-Afrika se probleem van strafbare geweld nie deur nuwe wette opgelos sal word nie, maar deur die doeltreffende toepassing van die bestaande wette.

In 'n beleidsdokument oor vuurwapenregulering wat in 2011 gepubliseer is, het ons aangedui hoe Suid-Afrika se moordsyfer in die vyf jaar ná die instelling van die streng nuwe vuurwapenwet met 18% afgeneem het. Ons kon egter ook toon dat dit in die vyf jaar tevore met die selfs hoër syfer van 25% afgeneem het. Ons kon ook aandui hoe die waarskynlikste soort misdaad wat met vuurwapens gepleeg word, soos gewapende roof by huise en ondernemings, met meer as 100% toegeneem het nadat die nuwe wette ingestel is. Dié soort misdaad neem steeds toe. Daar is geen bewyse dat die nuwe vuurwapenwet enige impak op die algemene vlakke van geweldsmisdaad gehad het nie.

Vuurwapenbesit in Suid-Afrika moet as 'n burgerregtesaak beskou word. Dit staan sportskuts en jagters vry om hul sport te beoefen. Daar is nêrens in die wêreld enige bewys dat sportskuts misdaad veroorsaak nie. Insgelyks het jy alle reg om enige wettige metode aan te wend om jou eiendom en familie teen misdadigers te beskerm.

Die staat en teenvuurwapendrukgroepe wil jóú die misdadiger maak wanneer die enigste oplossing vir die probleem van geweldsmisdaad is om bestaande wetgewing behoorlik toe te pas.

Dit is skrikwekkend hoe sommiges te kere gaan dat die staat ons burgerlike vryheid aan bande moet lê, terwyl die probleem die staat self is.

Frans Cronjé, uitvoerende hoof van die Instituut vir Rasseverhoudinge, is 'n skerp man wat die regering goeie raad gee. Waarna die regering glad nie luister nie.

**We have Constitutional Right to life (Section 10 of Act 108 of 1996)**